



foto MARIAM GILLAN

Sowel die Duitsers as die Amerikaners maak daarop aanspraak dat hulle die eerste teddiebeer gemaak het. Omstreeks 1902 het die Duitser Richard Steiff en sy tante, Margarete Steiff, 'n speelgoedbeertjie waarvan die arms, bene en kop kon beweeg, vir die Leipzig-skou gemaak.

Op die skou het 'n Amerikaner die beer ontdek en 3 000 daarvan bestel. Dit was 'n groot bestelling vir daardie tyd – veral omdat dit toe nog 'n tuisbedryf was! Die vervaardigers het egter daarin geslaag om die bestelling uit te voer, en tot vandag gaan dit voor die wind met die Steiff-maatskappy, wat steeds bere produseer.

Deur die jare heen het 'n teddiebeer troos, kameraadskap en onvoorwaardelike liefde vir baie kleinged beken. Met ons patroon kan

jy nou self 'n beertjie maak. 'n Regte outydse, tradisionele beer waarvan die arms, bene en kop kan draai. Hoewel die beertjie op sy liefkoosbaarste is as hy van pelsagtige stof gemaak word, kan jy ook reslappies gebruik, solank dit sterk en duursaam is. Spring sommer dadelik aan die werk!

AFKORTINGS

RK = regte kant; VK = verkeerde kant; NT = naattoelating; MA = middel agter; MV = middel voor; VP = voorpant; AP = agterpant.

JY BENODIG

25 cm pelsagtige kledstof; poliësterstopse van goeie gehalte; 2 teddiebeerogies, 12 mm in deursnee; 5 middelslaggewrigte; vilt vir poot-

kussinkies; borduurgare vir neus en mond.

MAAK SÓ

- Vergroot patrone volgens skaal op grafiek-papier en knip uit.
- Merk rigting van pool van kledstof op VK met pyl. Lê papierpatrone op VK uit. Maak seker pyle op patroondele stem ooreen met rigting van kledstof se pool.
- Trek patroondele op kledstof na en bring alle merke, soos posisie van oë, gewrigte, openinge en so meer op kledstof aan. Knip met skerp borduurskêr uit. Laat gly skêr onder pool in en knip net basis van kledstof. Kort knipbewegings is die beste.
- Knip pootkussinkies uit vilt.

ORE

- Steek ore met RK teen mekaar vas en stik kurwesye toe. Laat onderste sy oop.
- Dop om en werk op stippellyn vas sodat NT binne-in oor lê.

KOP

- Steek 2 koppante aan mekaar vas en stik van A tot B.
- Begin by A, steek 1 kant van kopinsetsel aan kop van A tot C vas. Begin weer by A en steek ander kant vas. Dit is belangrik om kopdele goed vas te steek voór dit vasgewerk word.
- Begin stik by A en stik tot by C. Begin weer by A stik op ander sy. As stiksels elke keer in dieselfde rigting gemaak word, sal dit verseker dat kop se vorm weerskante eenders is.

LYF

- Stik 2 AP aan mekaar vas by MA-naat, maar laat opening in middel.
- Stik 2 voorste dele aan mekaar vas by MV-naat.
- Steek V- en AP aan mekaar vas en stik in die rondte vas.
- Dop om.

ARMS

- Stik pootkussinkies op binnearms vas, met D's en E's opmekaar.
- Stik 1 buitearm en 1 binnearm aan mekaar vas. Laat openinge soos op diagram aangedui.
- Dop om.

BENE

- Stik 2 dele van elke been aan mekaar vas. Laat opening soos op diagram aangedui. Onderkant van bene word ook oopgelaat. Steek voetsole onderaan bene vas met F's en G's opmekaar. Ryg in posisie en stik vas.
- Dop om.

SIT DIE OË IN

- Gebruik skerp els om gaatjies vir oë te steek. Posisies wat aangetoon word, is net 'n riglyn; maak dus seker oë is regoor mekaar.
- Steek steel van oog deur gat, van buite af binnetoe. Druk wasser oor steel binne-in kop – ingedrukte kant eerste.

STOP DIE KOP OP

- Stop kop versigtig op. Vorm kop tot gesig reg lyk – dit neem tyd in beslag en oefening om dit reg te kry.

• Gebruik sterk gare en werk 1 ry ryggplooie rondom nek.

SIT DIE BEER AAN MEKAAR

- Volg vervaardiger van gewrigte se aanwysings noukeurig en maak seker gewrigte is so styf moontlik, want dit raak weer losser met op-stopslag. Gebruik langbektang.
- Plaas metaalwasser oor gesplete metaalpen en voeg houtwasser by.
- Plaas dié deel in kop en trek rygdrade in. Net metaalpen moet uit-steek. Werk stewig vas.
- Trek nekopening op lyf ook in en heg stewig af. Steek metaalpen deur gaatjie in middel.
- Voeg aan binnekant van lyf nog 1 houtwasser en dan 1 metaalwasser oor metaalpen.
- Druk mes tussen 2 dele van metaalpen in en buig 2 punte na weerskante toe om met langbektang, sodat kop styf op lyf pas. As kop maklik kan draai, stel pen nog stywer. Kop behoort moeilik te draai.

STOP ARMS EN BENE EN HEG

- Arms en bene behoort nie so styf soos kop opgestop te word nie, maar dit moet nog ferm wees, anders werk gewrigte nie goed nie.
- Sit gesplete metaalpen in arms en bene op dieselfde manier vas as vir kop.
- Stop arms en bene op en werk openinge toe. Heg arms en bene met gewrigte aan lyfie vas by merke.
- Maak seker alle gewrigte is styf. Stop lyf op en werk opening toe.

HEG ORE

- Steek ore in posisie op kop vas en werk met leersteek aan voor- en agterkant vas. Vou ore effens sodat hulle bak staan.

MOND EN NEUS

- Neus kom op spits van snoet, waar kopinsetel en naat tussen 2 kopdele bymekaar kom.
- Merk buitelyn van snoet met reguit steke.
- Knip pool van kledstof weg oor bek- en neusdeel soos op patroon aangedui.
- Borduur lang satynsteke tot neus gevul en opgestop vertoon.

Die bere is almal volgens ons patroon gemaak. Die gebruik van verskillende kledstowwe laat alle elkeen anders lyk – elkeen uniek!

MAAK SELF teddiebere

Teddiebere is van die wêreld se gewildste speelgoed en vir die meeste van ons onweerstaanbaar. Hier is jou kans om ook 'n bekoorlike beertjie te maak. Versorg deur Riana van der Merwe



bykomstighede THE GIFT GALLERY, Menlyn-sentrum, Pretoria, (012) 47-5141 / 346-3464

• Bek word met 3 lang steke gewerk. Dit het die vorm van onderstebo Y. Steek naald aan onderpunt van snoet in en werk vertikale steek. Bring by 1 mondhoek uit. Steek weer aan onderpunt van vertikale steek in en bring weer uit by ander mondhoek. Voltooi laaste steek en heg stewig af.

AFWERKING

• Maak seker pool van kledestof is nie in nate vasgevang nie. Trek dele wat vasgevang is met agterkant van naald uit of borsel met sagte borsel.
• Bind 'n strik om beer se nek – en gee hom 'n drukkie!

NERINA ROBERTS het die teddiebere eksklusief vir ROOI ROSE gemaak. Tree met haar in verbinding by (011) 678-5834 om nadere inligting oor patrone, benodigdhede of lesse – dit is ook die faksnommer. Stuur 'n kovert van 11 x 22 cm, selfgeadresseer en gefrankeer, na Posbus 73422, Fairland, 2030, om 'n gratis katalogus te kry.

- | | |
|--|--|
| 1 Kop
Knip 2, 1 omgekeer | 7 Pootkussinkie by arm
Knip 2 – uit vilt of kunsleer |
| 2 Buitearm
Knip 2, 1 omgekeer | 8 Lyf
Agter
Knip 2, 1 omgekeer |
| 3 Binnearm
Knip 2, 1 omgekeer | 9 Lyf
Voor
Knip 2, 1 omgekeer |
| 4 Kop – insetsel
Knip 1 | 10 Been
Knip 4, 2 omgekeer |
| 5 Oor
Knip 4 | |
| 6 Pootkussinkie (been)
Knip 2 uit vilt | |

